Amptelike Tale
Huistaal
Eerste Addisionele Taal
Tweede Addisionele Taal

Taal in konteks

Kwaliteitonderrig, assessering & eksamenriglyne: Taal in konteks (Vraestel 1 HT, EAT, TAT)

Die 2009 Eksamenriglyne vir Graad 12: Nasionale Senior Sertifikaat (NSS) bepaal:

Vraagstelling:

- ‘n Verskeidenheid tekste (advertensie, strokiesprente, prosatekste) behoort gebruik te word om taalstrukture te toets.
- Vir HT en EAT moet daar nie meer as 5 verskillende tekste gebruik word nie.
- Vrae behoort die volgorde van die leesstuk te volg.
- Waar moontlik, moet laer-orde-vrae die middel- en hoër-orde- vrae voorafgaan.
- Syfers en letters/karakters in visuele tekste moet duidelik uitkenbaar wees.

Kwaliteitonderrig, assessering & eksamenriglyne: Taal in konteks (Vraestel 1 HT, EAT, TAT)

Die 2009 Eksamenriglyne vir Graad 12: Nasionale Senior Sertifikaat (NSS) bepaal:

Vraagstelling:

- Prente/rame in strokiesprente moet duidelik genommer word.
- Die **vier** komponente soos uiteengestippel in die Vakassesseringsriglyndokument (VAR) moet aangespreek word. Verwys hier na die VAR bl. 13 vir HT, bl. 21 vir EAT en bl. 30 vir TAT.
- Kritiese taalbewustheid sluit vrae in oor redigering, denotasie, konnotasie, vooroordeel, stereotipering, oorredende en manipulerende taal, woordeboekvaardighede, ens.

Kwaliteitonderrig, assessering & eksamenriglyne: Taal in konteks (Vraestel 1 HT, EAT, TAT)

Nasienmemorandum/ nasien van Taal in konteks:

- *Spelling:*
  - Een-woord-antwoorde word verkeerd gemerk as die spelling verkeerd is.
  - In volsin-antwoorde word verkeerde spelling net gepenaliseer indien die fout in die taalstruktuur getoets word.
  - Waar ‘n afkorting getoets word, behoort die punte op die regte plek te wees.
- Sinskonstruksies moet taalkundig korrek wees en in volsinne aangebied word soos in die instruksie aangedui.
- Waar direkte en indirekte rede en punktuasie getoets word, mag ½ punte toegeken word.
- Vir meervoudige-keusevrae word BEIDE die letter wat ooreenstem met die korrekte antwoord EN die antwoord wat uitgeskryf word, aanvaar.

Kwaliteitonderrig, assessering & eksamenriglyne: Taal in konteks (Vraestel 1 HT, EAT, TAT)

Wenke by die keuse van tekste:

- Gebruik verskillende soorte outentieke tekste met uiteenlopende skryfstyle.
- Gebruik interessante tekste wat fokus op die kandidate se ervaringswêreld en wat sensitief is vir seuns en meisies sowel as vir kulturele en godsdienstige groepe.
- Vermy ingewikkelde tekste wat kandidate kan verwar.
- Vereenvoudig en verwerk tekste wat vir Huistaalleerders geskryf is om te pas by die taalgebruik van kandidate in Eerste en Tweede Addisionele Tale.
- Gebruik duidelike prente of illustrasies. Wanneer gekleurde tekste gedruk word, is dit nie altyd duidelik nie.
- Gebruik advertensies oordeelkundig. Dit bevat dikwels idiomatiese taal op Huistaalvlak. Kies dus eenvoudige advertensies vir kandidate in Addisionele Tale.
- Erken alle bronne waaruit tekste geneem word.
- Nommer die reëls in lang tekste.
- Maak gedurende die jaar geskikte tekste bymekaar; moenie tot op die nippertjie wag nie.

Kwaliteitonderrig, assessering & eksamenriglyne: Taal in konteks (Vraestel 1 HT, EAT, TAT)

Vraagsoorte

- Vrae word oor ‘n verskeidenheid tekste gestel.
- Die moeilikheidsvlak hang af van die taalvlak wat getoets word (d.w.s. HT, EAT of TAT):
  - Vlakke 1 en 2: 40% van die totale punt
  - Vlak 3: 60% van die totale punt

Letterlik:

- Vrae wat handel oor inligting wat eksplisiet in die leesstuk voorkom.
  - Noem …
  - Gee …
  - Identifiseer …
  - Maak ‘n lys van ...

Herorganisasie:

- Vrae wat analise, sintese of ordening van inligting verg wat eksplisiet in die leesstuk voorkom.

Kwaliteitonderrig, assessering & eksamenriglyne: Taal in konteks (Vraestel 1 HT, EAT, TAT)

Vraagsoorte:

Afleiding:

- Vrae wat die kandidaat se interaksie met die inligting wat eksplisiet in die leesstuk gegee word, vereis in terme van sy/haar persoonlike ervaring
  - Verduidelik…
  - Vergelyk…
  - Waar/Onwaar vrae
  - Meervoudige keuse vrae
  - Kies die korrekte antwoord
  - Vul die ontbrekende woorde in (gebruik kontekstuele leidrade)
  - Vrae oor visuele/ grafiese geletterdheid
  - Ensovoorts.

Kwaliteitonderrig, assessering & eksamenriglyne: Taal in konteks (Vraestel 1 HT, EAT, TAT)

Wenke aan onderwysers

Die opstel van vrae oor Taal in konteks

- Versamel ‘n verskeidenheid tekste gedurende die jaar; liaseer dit in verskillende soorte.
- Behou die kern van die teks wanneer u dit vereenvoudig of verkort.
- Maak die verskillende soorte en vlakke vrae bymekaar en beantwoord alle vrae. Beantwoord die vrae weer na ‘n paar dae en vergelyk hierdie antwoorde met die voriges. Verbeter dan die vrae waar nodig. Vra ‘n kollega om die vrae te beantwoord en vergelyk sy/haar antwoord met u eie; verbeter waar nodig (Vertolking kan verskil).
- Onthou die doel is om vas te stel of kandidate kan lees en kyk en of hulle taal (grammatika) in konteks kan toepas.
- Stel ‘n kontrolelys van alle soorte en vlakke vrae op en ontleed dit om seker te maak dat alle vlakke en vraagsoorte in die vraestel gedek word.
- Maak seker dat die puntetoekenning per vraag realisties is.

Kwaliteitonderrig, assessering & eksamenriglyne: Taal in konteks (Vraestel 1 HT, EAT, TAT)

Wenke aan leerders

Hoe om vrae oor Taal in konteks te beantwoord.

Visuele Geletterdheid, Advertensie:

- Bestudeer alle advertensietegnieke, fokus op die visuele/grafiese aspekte sowel as die woorde.
- Gebruik gedrukte advertensies in plaas van TV- of radio-advertensies.
- Bestudeer die volgende:
  - Grafiese elemente: prente en/of foto's; opskrifte; lettertipe en lettergrootte; spasiëring en ontwerp (ook die gebruik van oop wit spasie); en slagspreuke/trefsinne ("Logos")
  - Taalaspekte: Die gebruik van leestekens; slagspreuke; emotiewe taalgebruik; retoriese middels; herhaling; die gebruik van figuurlike taal

Kwaliteitonderrig, assessering & eksamenriglyne: Taal in konteks (Vraestel 1 HT, EAT, TAT)

Wenke aan leerders

Hoe om vrae oor Taal in konteks te beantwoord (vervolg):

- **Ander grafiese tekste**
  - Hier kan jy die volgende teksoorte verwag: ‘n strokiesprent (die grappige soort of ‘n politieke spotprent), ‘n foto ‘n poskaart, ‘n skets of ‘n grafiek.
- **Redigering**
  - In hierdie soort vraag word al jou kennis van grammatika en styl getoets.
  - Bestudeer veral die volgende aspekte: Woordsoorte; algemene foute; spelling; leestekens; direkte en indirekte rede.
- Nommer jou antwoorde net soos dit in die vraestel genommer is..
- Skryf netjies.